

# Saterdag 25 Desember (Kersdag)

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring  
14:15

## **Ons Verlosser kom weer!**

*En 'n ander engel het uit die tempel gekom en met 'n groot stem geroep na Hom wat op die wolk sit: Slaan u sekel in en maai, want die uur het vir U gekom om te maai, omdat die oes van die aarde oorryp geword het.*

Dan kom daar 'n boodskapper uit die tempel. Dis 'n engel wat die berig bring dat Christus kan begin om die oes in te samel, want die oes van die aarde is reeds oorryp!

Die feit dat die engel die Here Jesus kom aansê om te oes, beteken nie dat hy hoër is as die Here Jesus nie – en ook nie dat hy meer gesag het nie. Hy doen net sy werk. God stuur hom en hy gehoorsaam en gaan gee die boodskap. Hy is bloot 'n boodskapper wat die wete deurgee van die troon af dat die Here Jesus die oordeel moet begin!

Hoe kry die engel dit reg om tussen twee persone van God (die Vader op die troon en die Seun op die wolk) heen en weer te beweeg? Dit kan maklik gebeur, omdat God God is. Hy kan dinge doen wat nie vir 'n mens moontlik is nie. Hy was steeds God die ewige en almagtige op sy troon terwyl Hy aan die kruis gesterf het. Terselfdertyd was Hy ook in die Gees alomteenwoordig oor die hele aarde en deur die hele skepping.

Almal op die aarde is bewus van die oomblik van die eindoordeel – want die engel kondig dit luidkeels (met 'n groot stem) aan. Die gelowiges in die gemeentes is reg en voltallig om by God geneem te word! En net so is die ongelowiges ook gereed om veroordeel te word!

*Sing: Skrifberyming 12:2*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*